# Skitter Akademie

## Privaat Kleuterskool

EMIS NOMMER: 700903015

*Waar elke kind kan leer, groei en skitter!* ♡



# OUER-INLIGTINGSBOEK 2027

**LIBRADENE KAMPUS**

Liefde • Sorg • Fondasie

**FARRARPARK KAMPUS**

Ontdek • Leer • Groei

**GESPESIALISEERDE GRAAD R PROGRAM**

Voorbereid vir 'n briljante toekoms

LIEFDE | GROEI | ONTDEK | SKITTER

# INHOUDSOPGAWE


1. Boodskap van die hoof
2. Visie, Missie en Waardes
3. Waarom kies ouers Skitter Akademie?
4. Ons kampusse
5. Inskrywingsproses
6. Skoolgelde en kostes vir 2027
7. Kommunikasie, kleredrag en benodighede
8. Gesondheid en siektebeleid
9. Veiligheid en noodgevalle
10. Ons akademiese wêreld
14. Assessering, waarneming en ondersteuning
15. Belangrike datums vir 2027
16. Kontak besonderhede

**UIT DIE HOOF SE PEN**

Renate Botha | Stigter & Skoolhoof

Liewe Skitter-ouers

Welkom by Skitter Akademie Privaatskool – 'n plek wat gebou is op 'n liefde vir kinders, 'n passie vir opvoeding en die oortuiging dat elke kind die geleentheid moet kry om te leer, groei en skitter.

Met 'n BEd in Grondslagfase, opleiding in Spelterapie, Musiek (Trinity Schools) en Vroeë Kinderontwikkeling spesialis, tesame met 13 jaar se onderwyservaring in Graad 1 en Graad 4, het ek 'n diep waardering ontwikkel vir die belangrikheid van 'n sterk vroeë fondasie.

Sedert 2017 is ek bevoorreg om Skitter Akademie te lei en saam met 'n toegewyde span aan ons kinders se ontwikkeling te bou.
My visie vir Skitter is eenvoudig: kinders moet veilig voel, geliefd wees en met selfvertroue kan leer. Ons fokus daarom op die hele kind – akademies, emosioneel, sosiaal, fisies en kreatief – en berei elke kind doelgerig voor vir die volgende stap in sy of haar opvoedkundige reis.

Ek glo dat die beste opvoeding plaasvind wanneer ouers en skool hand aan hand werk.

Julle vertrou ons met die kosbaarste deel van julle wêreld, en dit is 'n verantwoordelikheid wat ons met groot liefde en erns dra.

Van klein treetjies tot groot drome – ons stap die pad saam. 🌈
Met liefde
Renate Botha
Stigter & Skoolhoof
Skitter Akademie Privaatskool

## ONS VISIE, MISSIE & WAARDES

*Ons Visie*

Om 'n toonaangewende opvoedkundige omgewing te skep waar elke kind die geleentheid kry om sy of haar volle potensiaal te ontwikkel - akademies, emosioneel, sosiaal en fisies.

*Ons Missie*

By Skitter Akademie streef ons daarna om kinders vanaf hul eerste jare toe te rus met 'n sterk fondasie vir lewenslange leer.

*Ons doen dit deur:*

- 'n Veilige en liefdevolle omgewing te skep.
- Leer interessant, prakties en ouderdomsgepas te maak.
- Elke kind se individuele ontwikkeling en behoeftes te respekteer.
- Selfvertroue, onafhanklikheid en verantwoordelikheid te ontwikkel.
- Sterk taal-, wiskunde-, motoriese en sosiale vaardighede te bou.
- Kreatiwiteit, nuuskierigheid en probleemoplossing aan te moedig.
- 'n Positiewe vennootskap tussen skool en ouer te bevorder.

*Ons Kernwaardes*

❤️ Liefde
🤝 Respek
⭐ Integriteit
🎯 Uitnemendheid
🌱 Groei
😊 Vreugde

***SKITTER AKADEMIE...***

Ons leer met doel.
Ons groei met liefde.
Ons ontdek met nuuskierigheid.
Ons skitter saam.

## WAAROM KIES OUERS SKITTER AKADEMIE?

Die waarde van 'n privaat skool:
Elke ouer wil dieselfde hê: die beste moontlike begin vir hul kind.

'n Privaat skool bied aan ouers die geleentheid om 'n meer persoonlike, gestruktureerde en doelgerigte opvoedkundige ervaring vir hul kind te kies. By Skitter Akademie fokus ons nie net daarop om 'n kind deur die kurrikulum te neem nie – ons fokus daarop om die kind agter die prestasie te ontwikkel.

🌱 **Kleiner groepe, meer individuele aandag**
Wanneer groepe kleiner is, kry personeel meer geleentheid om elke kind se persoonlikheid, sterkpunte, uitdagings en ontwikkeling te leer ken.
Jou kind is nie net 'n naam op 'n klaslys nie – ons ken jou kind.

📚 **'n Sterk akademiese fondasie**
Ons begin vroeg met doelgerigte ontwikkeling en bou vaardighede stap vir stap, volgens die kind se ouderdom en ontwikkelingsvlak.
Ons fokus op taal, vroeë geletterdheid, wiskunde, probleemoplossing, konsentrasie, motoriese ontwikkeling en skoolgereedheid.

🎯 **Meer doelgerigte ondersteuning**
Ons kan vinniger raaksien wanneer 'n kind ekstra ondersteuning of uitdaging benodig en ons program daarvolgens aanpas.

👩‍🏫 **Ervare en toegewyde personeel**
Ons glo dat kwaliteit-onderwys begin by mense wat lief is vir kinders én verstaan hoe kinders leer.

🎓 **'n Gespesialiseerde Graad R-program**
Ons Graad R-program fokus op die vaardighede wat kinders nodig het om selfversekerd en skoolgereed na Graad 1 te beweeg.

🤝 **'n Sterker ouer-skool vennootskap**
Privaat onderwys bied dikwels meer geleentheid vir persoonlike kommunikasie en betrokkenheid. Ons wil hê ouers moet weet wat in hul kind se wêreld gebeur en deel wees van die reis.

🏫 **'n Omgewing wat ons doelbewus skep**
Van ons klaskamers en roetines tot ons akademiese programme en aktiwiteite – ons skep 'n omgewing met een doel voor oë:
Om kinders die beste moontlike fondasie vir hul toekoms te gee.

## ONS KAMPUSSE

Skitter Akademie groei saam met ons kinders. Ons bied 'n veilige en stimulerende omgewing waar elke ontwikkelingsfase doelgerig ondersteun word.

### LIBRADENE KAMPUS: Babaklas tot Graad RR

Ons Libradene-kampus is ons kleuterskoolkampus, waar ons fokus op die belangrike vroeë ontwikkelingsjare – van ons kleinste babas tot Graad RR.
Hier bou ons die fondasie vir:

- ❤️ Emosionele veiligheid en vertroue
- 🧠 Kognitiewe ontwikkeling
- 📚 Taal en vroeë geletterdheid
- 🔢 Vroeë wiskundige konsepte
- ✋ Fynmotoriese ontwikkeling
- 🏃 Grootmotoriese ontwikkeling
- 🎨 Kreatiwiteit en verbeelding
- 🤝 Sosiale vaardighede en selfstandigheid

### FARRARPARK KAMPUS: Graad R tot Graad 7

Ons Farrarpark-kampus bied 'n verdere stap in ons kinders se opvoedkundige reis, vanaf Graad R tot Graad 7.
Hier beweeg kinders na 'n meer gestruktureerde skoolomgewing waar akademiese ontwikkeling, onafhanklikheid, verantwoordelikheid en leierskap verder uitgebou word.

### 🌟 GESPESIALISEERDE GRAAD R-PROGRAM

**Ons Graad R-program vorm 'n belangrike brug tussen die kleuterskooljare en formele skoolonderrig.**
**Ons fokus doelgerig op skoolgereedheid – akademies, emosioneel, sosiaal en fisies – sodat kinders met selfvertroue die groot stap na Graad 1 kan neem.**

EEN SKOOL. 'N DEURLOPENDE REIS.
VAN DAARDIE EERSTE DAG IN DIE BABAKLAS TOT DIE GROOT OOMBLIK WANNEER 'N KIND SY OF HAAR GRAAD R-HOED DRA, IS ONS DOEL DIESELFDE:
OM ELKE KIND TE HELP LEER, GROEI, ONTDEK EN SKITTER. ✨

## ONS INSKRYWINGSPROSES 📝

Ons wil hê dat die inskrywing van jou kind by Skitter Akademie eenvoudig, duidelik en persoonlik moet wees. Ons stap die proses saam met jou van die eerste aansoek tot jou kind se eerste dag.

STAP 1 | VOLTOOI DIE VORMS

Voltooi en stuur die nodige dokumentasie aan ons:

- Inskrywingsvorm
- Mediese vorm
- Vrywaring
- Enige ander vereiste dokumentasie

STAP 2 | BEVESTIG JOU PLEK

Die totale registrasiefooi is R1 280.
'n 50% deposito van R640 is betaalbaar om jou kind se plek te bevestig.

STAP 3 | EERSTE SKOOLFONDSBETALING

Die uitstaande gedeelte van die registrasiefooi, indien enige, word saam met die eerste maand se skoolfonds betaal.

STAP 4 | PLEK WORD BEVESTIG

Sodra ons die voltooide dokumentasie en vereiste deposito ontvang het, word jou kind se plek vir 2027 bevestig.

STAP 5 | BEREI VOOR VIR DIE EERSTE DAG

Voor jou kind se eerste dag ontvang jy belangrike inligting oor:

- Wat om saam te bring
- Kleredrag
- Etes en voeding
- Daaglikse roetine
- Kommunikasie
- Belangrike datums
- Jou kind se eerste dag

💛 **WELKOM BY SKITTER!**

ONS WEET DAT DIE EERSTE DAG VAN 'N NUWE SKOOL 'N GROOT STAP VIR KIND ÉN OUER IS. DAAROM DOEN ONS ALLES MOONTLIK OM DIE OORGANG SO RUSTIG, PERSOONLIK EN POSITIEF AS MOONTLIK TE MAAK.

# SKOOLGELDE & KOSTE 2027

## KLEUTERSKOOL

| Program | Maandelikse fooi |
|---|---|
| Babaklas | R3 350 |
| Halfdag: 06:30 – 14:00 | R2 300 |
| Voldag: 06:30 – 17:30 | R3 300 |

*Voldag Vrydae slegs tot 17:00*

### *ETES*

'n Volledige ete-opsie is beskikbaar teen:

+ R900 per maand

*Die ete-opsie word maandeliks betaal en kan nie vooruit vir die jaar betaal word nie.*

### *REGISTRASIEFOOI*

*Kleuterskool: R1 280 eenmalig.*

*'n 50% deposito van R640 is betaalbaar om 'n plek te bevestig. Die uitstaande bedrag word volgens die inskrywingsreëlings vereffen.*

### *GRAAD 1–7 NASKOOL & HUISWERKSENTRUM*

R1 250 per maand

Die program bied ondersteuning met huiswerk, take en skoolwerk.

'n Volledige ete-opsie is beskikbaar teen:

+ R900 per maand

*Die ete-opsie word maandeliks betaal en kan nie vooruit vir die jaar betaal word nie.*

### *GESINSPAKKETTE*

### *KLEUTERSKOOL & LAERSKOOL NASKOOL*

| Kombinasie | Voor afslag | Afslag | 2027 Totaal |
|---|---|---|---|
| Voldag kleuters 2+ | R6 600 | R500 | R6 100 |
| Voldag kleuter 1 + Naskool 1 | R4 550 | R300 | R4 250 |
| Naskool 3+ | R3 750 | R200 | R3 550 |

### *KLEUTERSKOOL & PRIVAATSKOOL*

| Kombinasie | Voor afslag | Afslag | 2027 Totaal |
|---|---|---|---|
| Voldag kleuter 1 + Voldag privaatskool 1 | R7 100 | R600 | R6 500 |
| Halfdag kleuter 1 + Voldag privaatskool 1 | R5 600 | R500 | R5 100 |
| Voldag kleuters 2+ Voldag privaatskool 1 | R9 900 | R1 000 | R8 900 |
| Halfdag kleuters 2+ Voldag privaatskool 1 | R7 900 | R700 | R7 200 |
| Voldag kleuters 2+ Voldag privaatskool 2+ | R13 200 | R1 100 | R12 100 |

### *PRIVAATSKOOL – GRAAD 1–7*

| Kombinasie | Voor afslag | Afslag | 2027 Totaal |
|---|---|---|---|
| Voldag 2 kinders | R7 500 | R600 | R6 900 |
| Voldag 3+ kinders | R11 250 | R1 100 | R10 150 |

***Die ete-opsie is nie by die gesinspakket ingesluit nie en word addisioneel teen R900 per kind per maand gehef.***

## KOMMUNIKASIE MET OUERS

Goeie kommunikasie tussen die skool en ouers is baie belangrik. Algemene kennisgewings en klasreëlings word hoofsaaklik deur die amptelike WhatsApp-groepe gedeel.

- *Lees asseblief alle boodskappe en kennisgewings deeglik.*
- *Rig persoonlike of vertroulike navrae direk aan die klasjuffrou of skoolhoof.*
- *Laat weet die skool indien u kind afwesig gaan wees.*
- *Stel die skool betyds in kennis van veranderings aan kontakbesonderhede, mediese inligting of afhaalreëlings.*
- *Besprekings oor 'n kind se ontwikkeling moet verkieslik per afspraak plaasvind en nie tydens aankoms- of vertrektyd nie.*
- *Dringende sake moet telefonies met die skool gekommunikeer word.*

## KLEREDRAG

Kinders moet daagliks gemaklike, praktiese klere dra wat geskik is vir speel, kunsaktiwiteite en die weersomstandighede.

- *Die voorgeskrewe Skitter-drag moet gedra word waar dit vir die betrokke klas van toepassing is.*
- *Alle kledingstukke, skoene en ander besittings moet duidelik gemerk wees.*
- *Stuur altyd 'n volledige ekstra stel klere skool toe.*
- *Kinders moet skoene dra waarin hulle gemaklik en veilig kan beweeg.*
- *Waardevolle juweliersware en duur bykomstighede word nie aanbeveel nie.*
- *Smeer sonskerm soggens aan en stuur 'n hoed op warm dae.*

## WAT BRING EK SKOOL TOE?

Elke kind benodig 'n duidelik gemerkte skooltas met:

- *'n volledige ekstra stel klere;*
- *'n gemerkte waterbottel;*
- *'n sonhoed;*
- *doeke, natlappies en versorgingsprodukte, waar van toepassing;*
- *bottels, formule en/of babakos volgens die klas se reëlings;*
- *voorgeskrewe slaapbenodigdhede, indien nodig; en*
- *enige ander items wat deur die klasjuffrou versoek word.*

Moet asseblief nie speelgoed, lekkers, kougom, energiedrankies of waardevolle items skool toe stuur nie, tensy dit vooraf vir 'n spesiale geleentheid gereël is.

***Belangrik: Skitter Akademie kan nie verantwoordelikheid aanvaar vir ongemerkte, verlore of beskadigde persoonlike besittings nie.***

## GESONDHEID EN SIEKTEBELEID

Die gesondheid en welstand van elke kind is vir ons belangrik. Om die verspreiding van siektes te beperk, vra ons ouers om kinders tuis te hou wanneer hulle siek of aansteeklik is.

'n Kind moet tuis bly indien hulle:

- *koors het of koorswerende medikasie benodig;*
- *braak of diarree het;*
- *'n aansteeklike siekte of veluitslag toon;*
- *'n erge, aanhoudende hoes of asemhalingsprobleme het;*
- *oog- of oorafskeiding toon;*
- *kopluise het; of*
- *te siek is om gemaklik aan die skooldag deel te neem.*

Kinders mag terugkeer wanneer hulle minstens 24 uur koorsvry is sonder koorswerende medikasie en weer normaal aan die dagprogram kan deelneem. In die geval van 'n aansteeklike siekte kan 'n mediese sertifikaat versoek word.

Indien 'n kind gedurende die dag siek word, sal die ouer of noodkontakpersoon gekontak word. Die kind moet dan so spoedig moontlik afgehaal word.

### *Medikasie*

- *Geen medikasie word sonder skriftelike toestemming toegedien nie.*
- *Medikasie moet in die oorspronklike verpakking wees en duidelik met die kind se naam en korrekte dosis gemerk wees.*
- *Medikasie moet persoonlik aan 'n personeellid oorhandig word en mag nooit in 'n kind se tas gelaat word nie.*
- *Ouers moet die skool inlig oor allergieë, chroniese toestande of enige verandering in hul kind se gesondheid.*
- *Die skool moet te alle tye oor geldige mediese fonds- en noodkontakbesonderhede beskik.*

**VEILIGHEID**

Skitter Akademie handhaaf streng veiligheidsmaatreëls om 'n beskermde omgewing vir ons kinders en personeel te verseker.

Toegang en afhaal van kinders

- *Kinders mag slegs deur 'n ouer, wettige voog of vooraf gemagtigde persoon afgehaal word.*
- *Die skool moet betyds en skriftelik van alternatiewe afhaalreëlings in kennis gestel word.*
- *Identifikasie kan van 'n onbekende afhaalpersoon versoek word.*
- *Hekke en deure moet altyd behoorlik toegemaak word.*
- *Geen kind mag sonder toesig by die hek, parkeerarea of op die skoolterrein beweeg nie.*

**NOODGEVALLE**

Die skool beskik oor vasgestelde prosedures vir onder andere brand, ontruiming, beserings en mediese noodgevalle. Noodoefeninge word gereeld met die kinders en personeel uitgevoer.

Indien 'n kind beseer word of dringend mediese hulp benodig:

- *sal toepaslike noodhulp onmiddellik toegepas word;*
- *sal die ouer of noodkontakpersoon so gou moontlik gekontak word; en*
- *kan nooddienste ontbied of die kind vir mediese behandeling vervoer word indien die situasie dit vereis.*
-

Ouers sal van enige noemenswaardige besering of voorval in kennis gestel word. Dit is daarom noodsaaklik dat alle kontak-, mediese en gemagtigde afhaalbesonderhede deurgaans korrek en op datum gehou word.

Die veiligheid van ons kinders is 'n gedeelde verantwoordelikheid. Ons waardeer elke ouer se samewerking met ons gesondheids- en veiligheidsmaatreëls.

Skitter Akademie

Privaat Kleuterskool

# Ons akademiese wêreld.



**HOE LEER ONS**

By Skitter Akademie glo ons dat jong kinders die beste leer wanneer hulle veilig voel, aktief betrokke is en dit geniet om te ontdek. Ons program kombineer doelgerigte onderrig met spel, beweging, kreatiwiteit en praktiese ervarings.

Ons akademiese program is ouderdomsgepas en ondersteun die ontwikkeling van die hele kind. Elke aktiwiteit word met 'n bepaalde doel beplan, maar bied steeds genoeg ruimte vir kinders om teen hul eie tempo te groei.

Leer deur spel

Spel is 'n belangrike deel van 'n jong kind se ontwikkeling. Deur spel leer kinders om:

- *probleme op te los en selfstandig te dink;*
- *met ander saam te werk en beurte te maak;*
- *hul gedagtes en emosies uit te druk;*
- *taal en woordeskat te ontwikkel;*
- *kreatief te dink; en*
- *nuwe vaardighede met selfvertroue te oefen.*

**WAT ONTWIKKEL ONS**

Ons daaglikse program bied geleenthede vir ontwikkeling op die volgende gebiede:

- *Taal en kommunikasie: luistervaardighede, gesprekvoering, stories, rympies en vroeë geletterdheid.*
- *Wiskundige denke: tel, sorteer, patrone, vorms, meting en probleemoplossing.*
- *Fisieke ontwikkeling: groot- en fynmotoriese vaardighede, balans, koördinasie en beweging.*
- *Kreatiewe ontwikkeling: kuns, musiek, drama en verbeeldingspel.*
- *Sosiale en emosionele ontwikkeling: selfvertroue, onafhanklikheid, empatie en emosionele regulering.*
- *Kennis en begrip van die wêreld: temas, natuur, wetenskaplike ontdekking en praktiese ervarings.*
- *Geestelike ontwikkeling: Bybelverhale, gebed en Christelike waardes.*

**TEMAGERIGTE LEER**

Ons werk met interessante, ouderdomsgepaste temas wat die kinders se natuurlike nuuskierigheid aanwakker. Temas word deur stories, liedjies, kunsaktiwiteite, sensoriese spel, besprekings en praktiese ervarings uitgebrei.

**BABAKLAS (0 tot 1 jaar)**
Ons babaklas bied 'n rustige, veilige en liefdevolle omgewing waar elke baba se individuele roetine en behoeftes gerespekteer word. Deur sensoriese spel, musiek, beweging, taalblootstelling en doelgerigte stimulasie ondersteun ons belangrike ontwikkelingsmylpale. Persoonlike aandag en 'n sterk vertrouensverhouding vorm die grondslag van ons babaprogram.

**KLAS VIR KINDERS WAT 2 WORD**
In hierdie klas begin kinders hul wêreld meer onafhanklik verken. Ons fokus op taalontwikkeling, groot- en fynmotoriese vaardighede, sensoriese ontdekking, eenvoudige roetines en vroeë sosiale vaardighede. Kinders leer deur spel, herhaling en praktiese ervarings in 'n warm, gestruktureerde omgewing.

**KLAS VIR KINDERS WAT 3 WORD**
Kinders se taal, selfstandigheid en nuuskierigheid ontwikkel vinnig gedurende hierdie fase. Ons program bied doelgerigte geleenthede vir kreatiewe spel, probleemoplossing, beweging en vroeë wiskundige en taalbegrippe. Daar word ook gefokus op emosionele regulering, toiletroetine, die volg van eenvoudige instruksies en positiewe samenspel.

**GRAAD RRR**
In Graad RRR word 'n sterk grondslag vir meer gestruktureerde leer gelê. Kinders ontwikkel hul luistervaardighede, woordeskat, konsentrasie, perseptuele vermoëns en getalbegrip deur ouderdomsgepaste aktiwiteite. Selfvertroue, onafhanklikheid en deelname aan klasroetines bly 'n belangrike deel van die program.

**GRAAD RR**

Graad RR vorm 'n belangrike voorbereidingsjaar vir Graad R. Ons fokus op vroeë geletterdheid, wiskundige denke, perseptuele ontwikkeling, potloodbeheer en die vermoë om instruksies te volg. Kinders word steeds hoofsaaklik deur spel en praktiese ervarings onderrig, sonder onnodige akademiese druk.

***Graad R-gereedheidstoets***

*Ons Graad R-gereedheidstoets bepaal of 'n kind oor die nodige ontwikkelingsvaardighede beskik om Graad R met selfvertroue te begin. Die resultate help ons om sterk punte en moontlike ondersteuningsbehoeftes vroegtydig te identifiseer.*

**GRAAD R**

Ons Graad R-program bied 'n doelgerigte en gebalanseerde voorbereiding vir Graad 1. Die program sluit formele, ouderdomsgepaste onderrig en assessering in taal, wiskunde, lewensvaardighede, perseptuele ontwikkeling en skoolgereedheid in. Kinders word akademies, emosioneel, sosiaal en fisiek voorberei om die volgende fase met selfvertroue te betree.

***Graad 1-skoolgereedheidstoets***

*Ons omvattende Graad 1-skoolgereedheidstoets evalueer die kind se akademiese, perseptuele, emosionele, sosiale en fisieke gereedheid vir formele onderrig. Ouers ontvang duidelike terugvoering en praktiese aanbevelings om hul kind se suksesvolle oorgang na Graad 1 te ondersteun.*

## ASSESSERING, WAARNEMING EN ONDERSTEUNING

By Skitter Akademie gaan assessering verder as slegs informele waarneming. Hoewel daaglikse waarneming 'n belangrike deel van ons benadering vorm, maak ons ook gebruik van 'n volledige, gestruktureerde en formele assesseringsproses wat spesifiek vir elke ouderdomsgroep ontwikkel is. Kinders word op 'n liefdevolle, praktiese en ouderdomsgepaste manier op verskillende ontwikkelingsgebiede geassesseer, waaronder:

- *taal- en kommunikasievaardighede;*
- *vroeë geletterdheid en wiskundige begrippe;*
- *groot- en fynmotoriese ontwikkeling;*
- *perseptuele vaardighede;*
- *kognitiewe ontwikkeling en probleemoplossing;*
- *sosiale en emosionele ontwikkeling; en*
- *onafhanklikheid en skoolgereedheidsvaardighede*.

Assessering vind deurlopend deur die jaar plaas en sluit beplande assesseringsaktiwiteite, praktiese take, klasdeelname en professionele waarneming in. Die resultate word aangeteken en gebruik om elke kind se vordering te volg, sterk punte te identifiseer en moontlike ontwikkelings- of ondersteuningsbehoeftes vroegtydig raak te sien.

Ouers ontvang gereelde, omvattende terugvoering oor hul kind se ontwikkeling. Waar nodig, word individuele ondersteuning, doelgerigte inoefening of verdere professionele evaluering aanbeveel.
Hierdie deeglike assesseringsproses onderskei ons akademiese program van programme wat hoofsaaklik op algemene waarneming staatmaak. Dit verseker dat ons nie bloot aanvaar dat 'n kind vorder nie, maar dat ons oor duidelike, gedokumenteerde inligting beskik om onderrig doelgerig te beplan.

Ons akademiese program bied daarom meer as net versorging en speel: dit is 'n professioneel beplande leerprogram met meetbare ontwikkelingsdoelwitte, sonder om kinders onder onnodige druk te plaas. Só verseker ons dat elke kind 'n sterk, gebalanseerde grondslag ontvang en met selfvertroue na die volgende ontwikkelingsfase of graad kan beweeg.

**Skitter Akademie**
— Privaat Kleuterskool —
*Mik hoog en Droom groot*

# KWARTAAL 1

## 6 JANUARIE – 30 MAART

| | |
|---|---|
| 6 JANUARIE | Skool open |
| 6 JANUARIE – 12 JANUARIE | Aanpassings pret program |
| 13 JANUARIE | Akademiese program begin |
| 14 JANUARIE | Kleuterskool inligtings oueraand |
| 21 JANUARIE, 22 JANUARIE | Skoolfoto's |
| 12 FEBRUARIE | Valentynsdag, trek rooi aan |
| 1 MAART | Koop Skitter atletiek fees kaartjies |
| 1 MAART – 12 MAART | Assessering |
| 19 MAART | Ontvang rapporte: DIT PAS GLAD NIE! DRESSUP |
| 21 MAART | Menseregte dag |
| 22 MAART | Spesiale vakansie dag, Menseregte dag |
| 23 MAART – 25 MAART | Vakansie program |
| 26 MAART | Goeie Vrydag |
| 29 MAART | Gesinsdag |
| 30 MAART – 5 APRIL | Vakansie program |

*Ons bou karakters, selfvertroue en 'n liefde vir leer elke dag!*

## 19 MAART

# DIT PAS GLAD NIE!

## DRESSUP

Trek die vreemdste kombinasie aan – strepe, kolle, verskillende sokkies, snaakse kleure... hoe minder dit pas, hoe beter!



*Lig ☆ Liefde Leer – Elke kind 'n ster!*

Skitter Akademie
— Privaat Kleuterskool —
*Mik hoog en Droom groot*

# KWARTAAL 2

## 6 APRIL – 25 JUNIE

| | |
|---|---|
| **6 APRIL** | Akademiese kwartaal 2 begin |
| **10 APRIL** | **SKITTER FAMILIE FEES** |
| **26 APRIL** | Spesiale vakansie dag |
| **27 APRIL** | Vryheidsdag |
| **1 MEI** | Werkersdag |
| **31 MEI – 18 JUNIE** | Assessering |
| **25 JUNIE** | Skool sluit, ontvang rapporte: **SKITTER SPEURDERS** |

**SKOOL IS GESLUIT**
**28 JUNIE – 2 JULIE**

**PERSONEEL OPLEIDING**

## 25 JUNIE

# SKITTER SPEURDERS

**"DIE GROOT GEHEIM MOET OPGELOS WORD!"**

Speurderhoede, vergrootglase, donkerbrille, notaboekies, snorre en trench coats.

Kom kyk wat kruip weg op die skool terrein!




*Lig, Liefde en Leer –*
*Elke kind 'n ster!*

**Skitter Akademie**
— Privaat Kleuterskool —
*Mik hoog en Droom groot*

# KWARTAAL 3

## 20 JULIE – 8 OKTOBER

**1 JULIE – 19 JULIE**
Vakansie program

**20 JULIE**
Akademiese kwartaal 3 begin

**20 JULIE** **EENDAG AS EK GROOT IS**

**30 JULIE**
Skitter Gholfdag

**9 AUGUSTUS**
Vrouedag

**20 AUGUSTUS**
**HERWINNINGSDAG**

**30 AUGUSTUS – 17 SEPTEMBER**
Assessering

**1 SEPTEMBER**
Betaal konsert deelnemersfooi – R300

**21 MEI**
**DIERE DRESS-UP**

**23 SEPTEMBER**
Ontvang rapporte,
**ERFENISDAG:**
**TROTS SUID-AFRIKAANS**

**24 SEPTEMBER**
Erfenisdag

**27 SEPTEMBER – 8 OKTOBER**
Vakansie program



## KWARTAAL 3 DRESS-UP DAE

**20 JULIE**

### EENDAG AS EK GROOT IS

Trek aan soos wat jy droom om eendag te word!



**20 AUGUSTUS**

### HERWINNINGSDAG

Kom vier herwinning!
Dink kreatief en hergebruik.



**23 SEPTEMBER**

### ERFENISDAG:
### TROTS SUID-AFRIKAANS

Kom vier ons pragtige Suid-Afrika en trek aan in tradisionele drag of iets wat jou kultuur en erfenis verteenwoordig.



*Lig, Liefde en Leer –*
*Elke kind 'n ster!*

Skitter Akademie
— Privaat Kleuterskool —
*Mik hoog en Droom groot*

# KWARTAAL 4

## 12 OKTOBER – 10 DESEMBER

| | |
|---|---|
| **12 OKTOBER** | Akademiese kwartaal 4 begin |
| **15 OKTOBER** | Musiek Assessering |
| **22 OKTOBER** | Kuns Assessering |
| **5 NOVEMBER** | Sportdag<br>Tye sal deurgegee word. |
| **6 & 7 NOVEMBER** | **KONSERT 2026**<br>Pêrel van Drome |
| **13 NOVEMBER** | Donut Dag – R10 |
| **19 NOVEMBER** | Gr R Gradeplegtigheid<br>Tye sal deurgegee word. |
| **26 NOVEMBER** | Akademiese Prysuitdeling<br>Tye sal deurgegee word. |
| **10 DESEMBER** | **KERSFEES DRESS-UP**<br>Kom in jou Kersfees-uitrusting! |
| **10 DESEMBER** | Ontvang rapporte |
| **10 DESEMBER** | Laaste dag vir die jaar<br>Halfdag – meer inligting sal volg. |
| **11 DESEMBER – 5 JANUARIE** | Skool is gesluit |
| **25 JANUARIE** | **SKITTER VERJAAR!**<br>Stuur 'n konstruksie-speelding as persentjie (bv. groot boublokke of ander konstruksiespeelgoed). Geen klein blokkies of LEGO nie. |

## KWARTAAL 4 DRESS-UP DAE

### 23 SEPTEMBER
### ERFENISDAG

Trek aan in jou tradisionele drag of iets wat jou kultuur en erfenis verteenwoordig.



### 21 MEI
### DIERE DRESS-UP

Kom aangetrek soos jou gunsteling dier!



### 20 AUGUSTUS
### HERWINNINGSDAG

Kom saam vier herwinning!
Dink kreatief en hergebruik.



### 10 DESEMBER
### KERSFEES DRESS-UP


Kom in jou Kersfees-uitrusting!
Kersvader, elfies, rendiere, Kersbome, sterre en meer!





### 25 JANUARIE
### SKITTER VERJAAR!

Stuur 'n konstruksie-speelding as persentjie (bv. groot boublokke of ander konstruksiespeelgoed).
Geen klein blokkies of LEGO nie.



*Lig, Liefde en Leer –*
*Elke kind 'n ster!*

## Welkom by die Skitter-familie

By Skitter Akademie doen ons meer as om kinders te versorg — ons bou 'n sterk grondslag vir hul toekoms. Hier word elke kind geliefd, raakgesien en doelgerig ontwikkel. Saam laat ons elke kind skitter!

## KONTAK ONS

**Babaklas tot Graad RR**

Skitter Akademie - Libradene-kampus
Telefoon/WhatsApp: 084 250 6312
E-pos: skitter.akademie@gmail.com
Adres: Serfonteinstraat 3, Libradene, Boksburg

**Graad R**

Skitter Akademie - Farrarpark-kampus
Telefoon/WhatsApp: 084 250 6312
E-pos: skitter.akademie@gmail.com
Adres: Markslaan 5, Farrarpark, Boksburg

**EMIS NOMMER: 700903015**